

BTW-BEDRIEËR GEVONNIS TOT 15 JAAR GEVANGENISSKAP

Pretoria, Dinsdag 27 Augustus 2019 - 'n Sakeman van Welkom, wat die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) bedrieg het deur middel van trustinstrumente en ander regsenteite is Vrydag, 23 Augustus 2019 tot 15 jaar gevangenisstraf gevonnis.

Mnr. Recado Williams Davids het skuldig gepleit op 404 aanklagte van bedrog vir die indiening van 404 bedrieglike belasting op toegevoegde waarde (BTW) opgawes aan SARS, wat valse insette en uitsette verklaar. Die bedrog, gepleeg tussen 2007 en 2015, is bewerkstellig deur 12 regsenteite, insluitend hulle verteenwoordigers en lede.

Mnr. Davids het skuldig gepleit ingevolge 'n pleitooreenkoms wat met die staat aangegaan is.

Die aanklagte is tesame geneem vir vonnisdoeleindes. Hy is tot 15 jaar gevangenisstraf gevonnis waarvan 6 jaar voorwaardelik opgeskort is. Dus is 'n effektiewe vonnis van nege jaar oorgelewer.

In 'n ander geval, het die Kimberley Magistraatshof 'n vyf jaar opgeskorte vonnis oorgelewer aan 'n Kimberley sakeman vir 32 aanklagte van BTW-bedrog, en 47 ander oortredings, insluitend vervalsing en uitering en oortreding van die Wette op BTW en Belastingadministrasie.

Mnr. Joseph Thabo Modupe, wat die voorsitter van die Droogfontein Gemeenskapseiendomvereniging is en eienaar van 'n taxi-bedryf, het die BTW-bedrog gepleeg deur twee van sy besighede. Hy is ook R50 000 beboet en is beveel om die geld, wat bedrieglik verkry is, aan SARS terug te betaal.

In 'n pleitooreenkoms met die staat bereik, het hy erken dat hy SARS uit nagenoeg R550 000 bedrieg het deur inkomste onder te verklaar en vervalsde inset-eise in te dien. Die twee besighede het ook versuim om 30 BTW-opgawes in te dien tussen 2013 en 2017.

Mnr. Modupe het verder skuldig gepleit op 8 aanklagte van vervalsing en 8 aanklagte van uitering vir verskaffing van vervalsde fakture aan SARS ter stawing van insetbelasting geëis, en vir die versuim om 'n persoonlike inkomstebelastingopgawe vir die 2014 belastingjaar in te dien.

Hy het reeds 'n beduidende bedrag aan SARS terug betaal en die res sal betaal word soos deur die hof beveel.